

26 September

**Skrifgedeelte: 2 Kronieke 15 en 16
Fokusgedeelte: 2 Kronieke 15:8-9; 15:16-16:10**

Wie lank regeer, moet hom steeds laat leer

Asa is die eerste van 'n reeks hervormerkonings. Hy het kans gesien om sy ouma, Maäka, die Ammonitiese vrou van sy oupa Rehabeam, af te sit as koninginmoeder (15:16). Hy verwyder die afgodsbeelde uit die hele gebied van Juda en Benjamin (15:8) en sluit opnuut met die Here 'n verbond (15:10-15).

Daar is groot verwagtings. Gaan die Here die vervalde huis van Dawid oprig? Is hy die redder uit die nageslag van Dawid? Daar sluit selfs inwoners van die Noordelike Ryk by hom aan toe hulle sien dat die Here by hom is (15:9). Daar is rus en voorspoed onder sy regering.

Maar Asa stel teleur. Aan die einde van sy 41-jarige regering het hy koppig geword. Hy vertrou nie op die Here toe die Noordelike Ryk hom bedreig nie, maar gaan 'n vreemde bondgenootskap met die Arameërs aan. Toe die siener Ganani hom bestraf, word hy so kwaad dat hy hom in die tronk sit. Niemand mag hom teëgaan nie. Hy behandel ander mense sleg. En toe hy 'n ernstige siekte aan sy voete opdoen, vertrou hy meer op die dokters as op die Here.

Wanneer jy lank in 'n magsposisie is, raak jy maklik koppig en beteweterig. Mag is geneig om jou te bederf – of jy koning, bestuurder, hoof of voorman is. Onthou altyd dié Dawidseun, aan wie alle mag in die hemel en op aarde behoort. Hy het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe as losprys vir baie te gee (Matt 20:28; vgl Mark 10:45). Selfs in sy heerlijkheid bly Hy ons barmhartige Hoëpriester, wat na sy mense omsien (Heb 5:15-16).

Sing: Psalm 32:5,6

Prof PP Krüger (Teologiese Skool Potchefstroom)